Rotse moet liefs ook in groepe van 3 gerangskik word waarvan die middelpunte 'n stomphoekige driehoek behoort te vorm. Die afstande tussen die rotse en die voor- en agterkante van die houer moet dieselfde wees; indien nie moet meer ruimte aan die voorkant gelaat word. Rotse moet nooit by 'n houer se rand oorhang nie.



Om perspektief en diepte te bewerkstellig, plaas 'n groot rots aan die voorkant en 'n kleiner rotsie agter om 'n berg in die ver agtergrond te suggereer. As die voorste berg-rots groewe en riwwe het moet die agterste rots minder opvallende groewe en riwwe hê omdat afstand se deinserigheid die detail laat afneem.

'n Rots met al sy skoonheid en groewe moet nie deur welige plantegroei en mos bedek en verskuil word nie. Dis tyd om weer te gaan klippe optel - onthou as ek daardie uitsonderlike mooi klip optel moet ek onmiddelik soortige klippe optel waarmee die mooi een saam uitgestal kan word.....Geniet dit!



AFWERKING - THEUNIS ROOS

Om die Saikei of miniatuur landskap meer realisties te maak het ons mos, biesies of grassies, sand en klein klippies nodig.

Mos is belangrik. Gebruik fyn mos vir agtergrond om diepte aan te dui. Growwe mos kan voor geplant word. Fyn grassies kan gebruik word maar moet nie met bome kompeteer nie - dit moet klein wees.

Mos help om die grond vas te hou want die grond sal ongelyk wees en maklik afspoel. Ons kan verskillende kleure mos gebruik om nat of droë dele van planting aan te dui.

Gebruik droë fyngemaakte mos sodat na planting voltooi is ons die mos kan saai. Sodra dit natgemaak word kry dit lewe en word groen. Wanneer ons droë mos saai sal ons nie die probleem kry dat dit opkrul wanneer dit droog word nie.

Ons gebruik sand met kleure wat sal pas by die klippe. Wit sand kan gebruik word om water aan te dui. Probeer skerp sand vermy want waterstrome spoel sand glad. Probeer die landskap so te maak dat jou verbeelding kan sê waar stroompies water kan wees.



FORMEER.